Installerings instruksies vir Winkerk 7

Inhoudsopgawe

1. Agtergrond: 1
2. Bedryfstelsels: 1
3. Media: 1
4. Internet toegang: 1
5. Prosedures wat voor installering gedoen moet word: 2
6. Omgewings waarbinne die program gebruik kan word: 3
   6.1 Losstaande rekenaars of die "Server" in 'n netwerk: 3
   6.2 Werkstasie rekenaars: 3

Installering: 4

1. Installering van die program self. 4
2. Installering van die databasis "Engine" (Microsoft SQL Server) 5
3. Koppel (Herwin) van die 2 Winkerk databasisse. 8

1. Agtergrond:

Hierdie dokument sal die gebruiker instaat stel om al die nodige media te bekom asook die nodige instruksies om Winkerk 7 te kan installeer.

2. Bedryfstelsels:

Infokerk maak van die nuutste tegnologie gebruik vir die ontwikkeling van ons sagteware om sodoende te verseker dat ons sagteware altyd op die nuutste bedryfstelsels sal kan werk. Winkerk 7 is ontwerp om onder Windows 10 te werk, maar is ook 100% aanpasbaar vir Windows 7 en 8.

3. Media:

Alle media wat nodig is vir die program om ge-installeer te kan word, is van Infokerk se webwerf aflaaibaar.

4. Internet toegang:

Dit word sterk aanbeveel dat die rekenaar op die internet moet wees tydens die installering.

5. Prosedures wat voor installering gedoen moet word:

User Account Control Settings

Verstel die User Account Control na sy laagste verstelling. Maak die "Control Panel" oop en gaan dan na "User Accounts".

Kliek op "Change User Account Control settings". Die volgende skerm sal dan vertoon word.

Skuif dan die "slider" af tot op sy laagste opsie (Never notify) en kliek op "OK". Dit is altyd goeie praktyk om nadat hierdie verstelling gemaak is, die rekenaar te "restart" en daarna eers met die res van die prosedures aan te gaan.



Turn Windows Features On and Off

Maak die "Control Panel" oop en gaan dan na "Programs and Features". Kies dan die opsie "Turn Windows features on or off". Die volgende skerm sal dan vertoon word.

Kliek op die ikoon met die plussie langs ".NET Framework 3.5 …". Merk dan soos in hierdie skerm die 2 regmerkies langs die 2 "Windows Communication….." funksies en kliek op "OK"



Windows sal nou self outomaties 'n klompie konfigurasies doen en wanneer dit klaar is kan daar aangegaan word na die volgende stap.

6. Omgewings waarbinne die program gebruik kan word:

6.1 Losstaande rekenaars of die "Server" in 'n netwerk:

Indien die rekenaar 'n losstaande rekenaar gaan wees, of indien die rekenaar as die server in 'n netwerk omgewing gaan funksioneer moet al die programme wat afgelaai is, ge-installeer word.

6.2 Werkstasie rekenaars:

Installeer slegs die program wat by skakel 1 hieronder afgelaai word.

Installering:

Winkerk 7 benodig 3 komponente om te kan werk. Dit is nl. die program self (Skakel 1), die databasis "engine" (Skakel 2) en die databasisse. (Indien die gemeente reeds bestaande data het, moet dit herwin word soos in stap 3 hieronder verduidelik).

Laai al die komponente soos hieronder uiteengesit af.

Let asb daarop dat die komponente wat afgelaai word, EERS GESAVE moet word.
DIT MOET **NIE** GERUN WORD **NIE**.
Eers nadat die klaar gesave is, kan dit van die downloads folder as gerun word.

1. http://www.infokerk.co.za/downloads/winkerk7.30.setup.exe

2. http://www.infokerk.co.za/downloads/SQLSetupWK7.exe

Die installering sal nou in die volgende 3 stappe bespreek word:
1. Installering van die program self.
2. Installering van die databasis "Engine" (Microsoft SQL Server)
3. Koppel (Herwin) van die 2 Winkerk databasisse. (Slegs vir gemeentes wat reeds bestaande data het.)

1. Installering van die program self.

Maak die "folder" oop waar die programme in afgelaai is. Gewoonlik sal dit die "Downloads folder" wees. Soek na die winkerk7.30.setup.exe lêer, wat by bg. skakel 1 afgelaai was, en dubbelkliek dit. Die onderstaande skerm sal die eerste skerm wees wat vertoon word nadat die installeringsprogram geaktiveer is.

Kliek dan op "Next" en daarna op elke volgende skerm op "Next" totdat die laaste skerm vertoon word, waar daar op "Finish" gekliek kan word.



2. Installering van die databasis "Engine" (Microsoft SQL Server)

Soek na die installasie lêer van Microsoft SQL Server 2005 Express Edition wat u by skakel 2 hierbo afgelaai het, en dubbelkliek daarop. Lêers word gewoonlik in die "Downloads folder" gestoor. Sien onderstaande skermknipsel. Hierdie is 'n spesiaal voorbereide installasielêer vir die outomatiese installasie van SQL Server 2005 Express edition. Nadat die onderstaande lêer opgespoor is, kan daarop ge-regskliek word en kies dan die opsie "Run as Administrator".

Onder Windows 8 mag die volgende skerm dalk verskyn. Kies die opsie "Run the program without getting help". (Die skerm mag dalk meer as een keer opkom.)



In Windows 10 sal die volgende boodskap regs onder op die skerm verskyn. Ignoreer asb die boodskap. Micosoft SQL Server 2005 werk 100% onder Windows 10 vir die korrekte werking van Winkerk 7.



Die eerste skerm van die installeringsprogram lyk soos volg:

Op hierdie skerm kan daar net op "Next" gekliek word.

Dan volg die volgende 2 skerms.



Daar kan telkens net op "Next" geklik word.





Na daar op die laaste skerm op "Next" gekliek is sal die volgende skerm verskyn:

Daar hoef niks verder gedoen te word nie.

Daar sal nog 'n hele paar ander skerms verskyn, maar u hoef niks te doen nie. Die installasie vind heeltemal outomaties plaas.





Wag totdat die laaste skerm verskyn en klik dan op "Finish"

Die installasie van SQL Server is dan klaar gedoen.

Na die installasie van SQL Server is daar eers weer 'n paar verstellings om in Windows aan te bring.

2. Maak "My Computer/Computer/This PC" oop en soek die "C:\Winkerk7" folder.

Regskliek in die volgende skerm op die Winkerk7 folder en kliek dan in die volgende skerm wat dan vertoon word op "Properties".





Die "Properties" skerm word dan vertoon. Kliek op "Security" en dan op die "Edit" knoppie.

Hierdie skerm word dan vertoon.

Kliek in die boonste raampie op "Users……" en kliek dan in die onderste raampie op die blokkie onder "Allow" langs "Full Control" om 'n regmerkie daar in te plaas. Dit sal ook outomaties die regmerkie by "Modify" aansit. Kliek dan op "Apply" en dan op "OK".

3. Koppel (Herwin) van die 2 Winkerk databasisse.

Winkerk7 het 2 databasisse wat beide herwin (Restore) moet word. Dit geld slegs vir bestaande gemeentes wat reeds voorheen data gerugsteun het. Soek na die folder waar die bestaande .bak lêer (backup file) gestoor is.

Om die databasisse te herwin kan daar van die program SQLTool.exe gebruik gemaak word. Soek na



die program in die C:\ProgramFiles (x86)\Winkerk7 gids.

Dubbelkliek op SQLTool.

Die program sal dan soos volg oopmaak:



Tik langs die woordjie "localhost" **\sqlexpress** in en kliek dan op "Connect"

Die skerm sal soos volg daaruitsien:

Kliek dan op die knoppie "Restore".

Wanneer die "Restore database" skerm vertoon word, moet die naam vir die databasis daarin getik word. Die eerste databasis se naam is:

WinkerkDB

Kliek dan op "OK".





'n "Browser" word nou vertoon. Browse nou na die C: dryf se Winkerk7 waar die 2 lêers wat vroeër afgelaai was, gevind sal word.

Kliek op WinkerkDBAfrikaans.bak en dan op "Open".

Die volgende skerm sal dan vertoon word.

kliek

Browse nou na "This PC" en onder dit na Local Disk (C:) en op Winkerk7.

Kliek

dan op "OK"



Presies dieselfde prosedure as hierbo beskryf moet nou 'n tweede keer gedoen word, maar vir die WinkerkMSG databasis. Kliek op die "Restore" knoppie en tik die naam WinkerkMSG soos hier aangedui in die blokkie en kliek op "OK". Volg die res van die instruksies soos hierbo. Die WinkerkMSG.bak lêer moet natuurlik gekies word en dit moet na C:\Winkerk7 herwin word.